NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

GESKIEDENIS: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur | 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Lees die vrae noukeurig deur.

3. Beantwoord **EEN** vraag uit Afdeling A, en **EEN** vraag uit Afdeling B.

4. Akkurate en voldoende feitelike kennis is noodsaaklik. Die vermoë om relevante inligting krities te gebruik om vrae te beantwoord, is net so belangrik.

5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae in die vraestel genommer is.

7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

IEB Copyright © 2022

AFDELING A

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Skryf 'n beredeneerde opstel wat bewys lewer van ontleding, interpretasie, verduideliking en argumentering. Dit moet ongeveer 800 tot 900 woorde lank wees. (Jy hoef nie 'n woordtelling in te sluit nie.)

VRAAG 1

Evalueer krities die sukses van die Verenigde State se militêre strategieë in die Viëtnam-oorlog van 1963 tot 1972.

[70]

OF

VRAAG 2

Evalueer krities of eksterne druk op Suid-Afrika doeltreffend was om die apartheidstaat in die 1980's te ondermyn.

[70]

OF

VRAAG 3

Evalueer krities hoe Gorbachev se hervormings die Sowjetunie en die Oosblok van 1985 tot 1991 beïnvloed het.

[70]

70 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING B

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Die uitgebreide skryfstuk moet ongeveer 350 tot 400 woorde lank wees. Jy moet jou eie kennis gebruik en jy kan ook na die stimulus verwys om die vrae te beantwoord. (Jy hoef nie 'n woordtelling in te sluit nie.)

VRAAG 4

Die spotprent hieronder, genaamd 'Once More Unto the Brink, Once More' is op 9 Oktober 1962 in die *Washington Post* gepubliseer. Die spotprent, deur Herblock, toon 'n parafrasering van Shakespeare se *Henry V*, en beeld die Sowjet-premier Nikita Khrushchev uit wat wêreldvrede in gevaar stel.

[<https://www.loc.gov/exhibits/herblock-gallery/herblock-looks-at-1962.html>, verkry 1 Februarie 2022]

Verduidelik waarom Kuba 'n brandpunt in die Koue Oorlog in 1962 was deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Watter gebeure het tot Fidel Castro se oorname van Kuba in 1959 gelei?

(b) Watter optrede deur die supermoondhede het tot die Kubaanse missielkrisis in 1962 bygedra?

(c) Wat was die impak van die Kubaanse missielkrisis op die Koue Oorlog-verhoudinge na 1962?

[30]

OF

VRAAG 5

Die foto hieronder, geneem in die middel van die 1980's, toon 'n optog deur die Black Sash. Die Black Sash was een van 'n aantal organisasies wat die apartheidstaat in die 1980's probeer teenstaan het.

[<https://www.blacksash.org.za/index.php/our-legacy/history-of-the-black-sash>, verkry 5 Februarie 2022]

Verduidelik hoe die Black Sash, ECC en UDF die apartheidstaat tussen 1979 en 1984 probeer teenstaan het deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat het gelei tot die opkoms van die Black Sash, ECC en UDF en hul pogings om die apartheidstaat tussen 1979 en 1984 teen te staan?

(b) Wat was die Black Sash, ECC en UDF en hoe het hulle probeer om die apartheidstaat in die 1980's teen te staan?

(c) Hoe het die apartheidstaat reageer op verhoogde weerstand deur die Black Sash, ECC en UDF in die 1980's?

[30]

OF

IEB Copyright © 2022

VRAAG 6

Die spotprent hieronder, gepubliseer in 1980, weerspieël die situasie in Pole. Aan die linkerkant staan Karl Marx (met 'n eksemplaar van *Das Kapital*) en Wojciech Jaruzelski (Kommunistiese Leier van Pole). Regs is Lech Walesa (leier van Solidariteit) wat 'n spuit met die woord "Solidariteit" daarop, vashou. Die spotprent is deur Fritz Behrendt geteken en het in *De Telegraaf* verskyn.



[<www.socsci.kun.nl/ped/owk/activeworlds/prenten/. Verkry 26 Mei 2022]

Verduidelik wat tot die ineenstorting van die kommunistiese regering in Pole teen 1989 gelei het, deur die volgende vrae te beantwoord:

(a) Wat het daartoe gelei dat die kommunistiese regering in die laat 1970's en vroeë 1980's uitgedaag is?

(b) Wat was Solidariteit en wat was die doelwitte daarvan?

(c) Hoe het Solidariteit bygedra tot die ineenstorting van die kommunistiese regering in Pole teen 1989?

[30]

30 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2022